

OM GESONDE GEMEENTE VAN DIE HERE TE WEES...

Skriflesing Handeling 2:42 - 47

Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.

Die apostels het baie wonders en tekens gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul.

Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel.

Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte.

Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet, en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg.



VRAE VIR BESPREKING:

1. Hoe praat die wêreld oor die kerk en oor ons gemeente?
2. Kyk of julle weer vir mekaar die 5 kenmerke van gesonde gemeentewees kan noem.
3. Watter een is die een wat ons die meeste mis in die kerk van 2018 en hoekom sê julle so?
4. Wat kan ons as gemeente doen om die kenmerke meer en meer vir ons waar te maak.

NOTAS: